**Dinsdag 16 Mei**
**Skrifgedeelte: Hooglied 8:5-14**
**Fokusgedeelte: Hooglied 8:6**
**Die liefde soos ’n seëlring**

Met hierdie laaste hoofstuk van Hooglied – gefokus op verse 6 en 7 – word die liefde tussen twee geliefdes op ’n besondere wyse saamgevat.

Die bruid soek steun by haar bruidegom en vind hulp in sy onmiddellike nabyheid. ’n Man dra sy seëlring altyd by hom. Dit is sy identiteitsbewys, daarmee verseël hy sy koopkontrakte. Hy dra die seëlring aan ’n bandjie om sy hals, op sy hart of aan sy vinger. Hy sal alles doen om die seël nie verloor nie. So wil die bruid dat haar bruidegom haar ook altyd by hom sal hou – soos ’n seëlring. Dit sal haar veilig laat voel. Sy wil by hom wees en nie net dit nie, maar ook dat hy haar dra, beskerm, vashou – anders sal sy onveilig voel (JH Kroeze). Daarby kom die verdere beskrywing van die liefde: *Want die liefde is sterk soos die dood … sy gloed is ’n gloed van vuur, ’n vlam van die HERE. Groot waters kan die liefde nie uitblus en riviere dit nie oorstroom nie ...* (vs 6, 7).

As twee geliefdes by mekaar is en die liggaamlike liefde eerbaar uitleef, is daar veiligheid in die trou. Daar is ’n twee-eenheid wat God saamgevoeg het, wat geen mens mag skei nie. Maar as die seksuele wild rondgryp in ongebondenheid is dit ’n dodelike mag – dan word die liefdesywer sterk soos die dood (lees maar Spreuke 6 en 7 oor die ontugtige verleidelike vrou). Dan brand dit soos warm kole – ’n vlam van die Here. Daaroor is die bruid benoud en beklemd. Maar nee. As twee geliefdes getrou is aan mekaar in die huwelik, kan groot waters die liefde nie uitblus en riviere dit oorstroom nie. *Dra my soos ’n seëlring op u hart, soos ’n seëlring op u arm.*

*Sing: Psalm 128-1:2, 4*

*Ds. NJ van der Walt (Nic) (emeritus)*